As ek die kerkgebou instap, word ek teruggevoer na my kinderdae. Ai! Daardie watertand geure!

Ek gaan staan stil en trek my longe propvol van die heerlike nostalgiese geure uit my kleintyd. In my geestesoog sien ek weer vir Ouma met haar voorskoot aan voor die ou koolstoof se oond staan.

Die heerlike geur van Ouma se Soetkoekies warrel uit die kombuis uit en vul die hele kerkgebou - en my mond water!!!!

As jy nog nie die watertand koekies geproe het wat ‘n paar van Noordkus Gemeente se vrouens elke week bak nie, dan het jy nog niks in die lewe geproe nie!

Die koekieprojek is in die lewe geroep om verskillende projekte in die gemeente te finansier.

En glo my: die koekies verkoop soos ..... wel..... soos soetkoek!

Wil jy nie dalk betrokke raak nie? Hoe meer dames betrokke is by die projek, hoe minder werk is dit. As jy gedurende die dag tyd het, kan jy kom help. Hier word geklets, gebak en gebrou dat die biesies bewe - ‘n heerlike gesellige spul vrouens bymekaar. En nee - almal van hulle is nie bobaas baksters nie! Sommige bak, ander maak deeg aan en ander verpak weer die koekies. As jy gewillig is om te help, dan is daar plek vir jou - of jy nou iets weet van koekies-bak of nie.

In elkgeval - hoe meer siele, hoe meer vreugde!

Kom! Ons het jou nodig!